DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN TOERISME

TAK MARIENE- EN KUSBESTUUR

BELEID AANGAANDE DIE TOEKENNING EN BESTUUR VAN KOMMERSIËLE VISVANGREGTE IN DIE OESTERVISSERY : 2005

HIERDIE BELEID MOET SAAMGELEES WORD MET DIE ALGEMENE BELEID OOR DIE TOEKENNING EN BESTUUR VAN LANGTERMYN KOMMERSIËLE VISVANGREGTE : 2005 (beskikbaar by www.mcm-deat.g .za)

INHOUDSOPGAWE

1. Inleiding 3
2. Biologiese status van oesters 3
3. Sektorale profiel 4
4. Die proses van medium-termyn regtetoekenning 5
5. Oorkoepelende sektorale doelwitte 5
6. Tydsduur van regte 6
7. Nuwe inkomelinge 6
8. Evaluasiekriteria 6

8.1 Uitsluitingskriteria 6

8.2 Balanseringskriteria 8

(a) Transformasie 8

(b) Belegging in die sektor 8

(c) Oesprestasie 8

(d) Afhanklikheid van oesters 8

(e) Plaaslike ekonomiese ontwikkeling 9

(f) Wetsnakoming 9

9. Monopolieë en die Registrasie van kopers 9
10. Die oes van oesters 9
11. Aansoekgelde 10
12. Voorlopige lyste 10
13. Permitvoorwaardes 10

1. Inleiding

Hierdie beleid oor die toekenning en bestuur van visvangregte in die kommersiële oester-sektor word uitgereik deur die Minister van Omgewingsake en Toerisme ("die Minister"). Hierdie beleid moet saamgelees word met die Algemene Beleid op die Toekenning en Bestuur van Langtermyn Kommersiële Visvangregte: 2005 ("die Algemene Beleid*").*

Die doel van hierdie beleid is om die oorwegings van toepassing op die toekenning van kommersiële oester-oesregte uiteen te sit. Baie van hierdie oorwegings is nie nuut nie. Hulle is in die verlede deur die Departement van Omgewingsake en Toerisme: Tak Mariene en Kusbestuur ("die Departement") gebruik by die toekenning van regte en tot 'n mate beliggaam hierdie beleid sodanige oorwegings..

Sekere voorgenome bestuursbeleidsrigtings vir die periode na die toekenning van regte, word breedvoerig in hierdie beleid uiteengesit. 'n Bestuurshandleiding vir die Oester-Sektor sal met al die regtehouers in die loop van 2006 gefinaliseer word. Hierdie handleiding sal in fyn besonderhede die toepaslike bestuursmetodes en prosedures vir die vissery uitstippel.

Die Minister is voornemens om die artikel 18 bevoegdheid in terme waarvan kommersiële oesregte vir die oestervissery toegeken word, ingevolge artikel 79 van die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne 18 van 1998 ("*die WLMH*") aan 'n beampte van die Departement te delegeer. Hierdie beleid sal die gedelegeerde owerheid lei in besluite oor aansoeke in hierdie sektor.

2. Biologiese status van oesters

Die Kaapse Rotsoester wat in hierdie vissery geteiken word, kom voor op rotsriwwe in 'n uitgebreide geografiese gebied vanaf Kaap Agulhas tot by Mosambiek. Hierdie oesters word in die tussengety sone aangetref in dieptes van tot 6m. Die Kaapse Rotsoester word natuurlik gevind en word as "wilde oesters" in Suid-Afrikaanse restaurante verkoop. 'n Goedkoper oester is die sogenaamde "Pacific Oyster" wat ingevoer word en heelwat in marikultuur gebruik word.

Daar is gevind dat oesters langs die KwaZulu-Natalse kus 33 maande (feitlik 3 jaar) neem om bemarkbare grootte (lengte van 60 mm vir die regterskulp) te bereik. Oesters versprei eiers oor 'n uitgebreide gebied. Oesters langs die KwaZulu-Natalse kus broei dwarsdeur die jaar met hoogtepunte gedurende lente en somer.

Oes vind plaas gedurende lae springgetye en was tradisioneel beperk tot die tussengety sone, maar gedurende die afgelope paar jaar het die oesdieptes geleidelik uitgebrei na die rante van die subgety-sone. Die rede is omdat oesterdigtheid in die tussengety sone afgeneem het en toerustingdoeltreffendheid geleidelik toegeneem het ("creeping effort"). Oesters word met 'n puntvormige staalkoevoet van die rotse losgemaak.

3. Sektorale profiel

Die oestervissery is vantevore bestuur as twee aparte visserye volgens die gebiede waar hulle voorkom, naamlik die KwaZulu-Natalse kus en die Suid-Kaapse kus. Sedert 2002 is die oestervissery as 'n enkele nasionale vissery bestuur. Volgens die nuwe bestuurstelsel is vier kommersiële oesgebiede amptelik erken, naamlik KZN-Noord, KZN-Suid, Port Elizabeth en die Suid-Kaap. Daar bestaan steeds verskille tussen die regulasies en oespatrone in die gebiede.

In KwaZulu-Natal (Noord- en Suidkus) is die bestuursbenadering van die KwaZulu-Natalse Provinsiale Regering behou. Dit behels handhawing van 'n stelsel in terme waarvan die getalle plukkers beperk word en 'n daaglikse sakperk van 190 oesters per plukker per dag afgedwing word. Die KZN Noord- en Suidkus is in vyf sones elk onderverdeel, wat op rotasiebasis geoes word. Dit verg dat sones vir minstens drie jaar op 'n slag braak lê (die optimale tydperk vir oesters rekruute om bemarkbare grootte te bereik) wat verseker dat oestervoorraad herstel. Hierdie stelsel is van toepassing op beide die kommersiële en ontspanningsektore.

Die oestervissery langs die Suid-Kaapse kus word nie volgens rotasie-oeste bestuur nie, maar deur die aantal plukkers te beperk sonder daaglikse sakperke. Verder is die ontplooing van die vangspoging oor gebiede verdeel ooreenkomstig die hoeveelheid toeganklike oester riwwe. Die Suid-Kaapse vissrery word ook beheer deur middel van 'n geslote seisoen vanaf 15 Desember tot en met 5 Januarie. Die geslote seisoen is ingestel om konflik tussen vakansiegangers en kommersiële oestersektore te beperk. In Port Elizabeth word die oesterbed nie geoes nie en slegs uitgespoelde oesters word ingesamel.

Die Totale Ontplooide Vangspoging ("TOV") vir die oestervissery word tans nie toegelig deur wetenskaplike oorwegings of die status van die bron nie, maar word gebaseer op vangspoging vlakke voor 2002. Vordering in navorsing en voorraadberamings is nodig om volhoubare oesvlakke behoorlik te bepaal. Die huidige TOV (2005-seisoen) was vasgestel op 145 plukkers en word as volg toegedeel:

- KZN Noord (25 plukkers);
- KZN Suid (15 plukkers);
- Suid-Kaap (102 plukkers); en

- Port Elizabeth (3 plukkers).

Die TOV langs die Suid-Kaapse kus word verder oor sones verdeel, gebaseer op die hoeveelheid toeganklike oesterriwwe, en meer spesifiek as volg:

- Heidelberg ("Witsand"): 10 plukkers;
- Riversdal/Mossel baai: 58 plukkers; en
- George/Knysna: 34 plukkers.

Beperkte kommersiële oesterregte is in 2002 toegeken ten einde 'n aantal voormalige bestaansgrondslagvissers te bemagtig wat vantevore verhoed is om hulle bestaans-oeste te verkoop.

4. Die proses van medium-termyn regtetoekenning

In 2002 is kommersiële oesregte toegeken aan 34 aansoekers, met 'n total van 'n 114 plukkers in diens. Van hierdie het 88% beperkte kommersiële regte ontvang. Regte is hoofsaaklik aan natuurlike persone (individue) toegeken. Individue hou 91%, beslote korporasies 3% en maatskappye 6% van die regte.

Swart persone hou slegs 25,8% van die individuele regte, wat uiters swak is vir 'n bedryf wat maklik toeganklik is, minimale toerusting en klein kapitale uitleg verg. Verder is slegs 25,8% van die individuele regtehouers vroue.

Hoewel die TOV vasgestel was op 145 plukkers, oes slegs 114 plukkers tans oesters.

5. Oorkoepelende sektorale doelwitte

Die doel van hierdie beleid, saamgelees met die Algemene Beleid, is om kriteria te bepaal waarvolgens oester-oesregte toegeken sal word. Die doelwitte met die toekenning van kommersiële oesregte in hierdie sektor is om:

- Die transformasieprofiel van die sektor merkbaar te verbeter;
- Oesterregte toe te ken aan diegene wat afhanklik is van die oes van oesters om 'n bestaan te maak:
- Oesterplukkers te bemagtig;
- Te verseker dat regte in al die gebiede waar oesters geoes kan word, toegeken word; en

- Die ekonomiese lewensvatbaarheid en omgewingsvolhoubaarheid van die sektor te ondersteun.

Die Departement is bewus van, en bekommerd oor sekere monopolistiese praktyke in hierdie sektor (**sien verder paragraaf 9 hieronder).**

6. Tydsduur van regte

Kommersiële oesregte sal vir ‘n periode van nie langer as drie (3) jaar toegeken word. Langtermynregte sal oorweeg word slegs wanneer voldoende inligting oor die status van die bron bekend is en die transformasieprofiel van die sektor aansienlik verbeter het. Die Departement sal ‘n sosio-ekonomiese studie tydens die drie-jaar tydperk instel in ‘n poging om die huidige wanbalanse in die sektor aan te spreek.

7. Nuwe inkomelinge

Alhoewel die sektor as geheel tans oorontgin word is daar ‘n aantal oesgebiede wat tans glad nie ontgin word nie. Die Departement vereis dat hierdie gebiede ontgin word ten einde waardevolle inligting oor oesters in daardie gebiede in te win. Verder is die sektor ongetransformeerd en word dit deur ‘n paar persone oorheers tot nadeel van ander wat in die sektor werksaam is.

Die gedelegeerde owerheid behoort dus te streef om regte aan nuwe inkomeling aansoekers toe te ken in die gebiede waar geen medium-termyn kommersiële oesterregte toegeken is nie (maar ‘n TOV vasgestel was) en waar nuwe inkomelinge die transformasieprofiel van die sektor sal verbeter.

8. Evaluasiekriteria

Aansoekers om kommersiële oesterregte sal volgens ‘n aantal uitsluitings- en balanseringskriteria evalueer word.

8.1 Uitsluitingskriteria

Behalwe die uitsluitingskriteria in die Algemene Beleid oor die onbehoorlike indiening van vorms en wesenlike tekortkominge, sal die volgende uitsluitingskriteria op beide regtehouer-aansoekers en nuwe inkomeling aansoekers van toepassing wees:

(a) **Vorm van die aansoeker:** Regte sal slegs toegeken word aan natuurlike persone (d.w.s individue), wat plukkers is of wat plukkers sal in diens sal neem. Die gedelegeerde owerheid behoort nie regte toe te ken aan oesterplukkers wat gelys is in die aansoeke van werkgewers nie.

(b) **Aansoeke van families:** Oor die algemeen sal slegs een reg per huishouding toegeken word. Waar meer as een aansoek van familielede wat by dieselfde adres woon ontvang word, mag al die aansoeke uitgesluit word. Meer as een reg mag per familie toegeken word, as aansoekers duidelik en oortuigend kan aantoon dat hulle aparte klein kommersiële ondernemings gevestig het.

(c) **Wetsnakoming:** Daar sal nie regte toegeken word aan aansoekers wat skuldig bevind is aan 'n ernstige oortreding van die WLMH, die regulasies, permitvoorwaardes of ander ernstige vissery verwante oortredings nie. Indien 'n 'n reg van die aansoeker gekanselleer of ingetrek is ingevolge die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne, sal die aansoeker ook nie 'n reg ontvang nie. Indien die aansoeker 'n lid van 'n beslote korporasie of aandeelhouer van 'n maatskappy was wat 'n medium-termyn reg gehou het, sal daar nie 'n reg aan die aansoeker toegeken word, indien die medium-termyn regtehouer of een van sy lede, direkteur of beherende aandeelhouer skuldig bevind is aan 'n ernstige oortreding of 'n reg gehad het wat gekanselleer of ingetrek is. Ander oortredings van die WLMH sal aansoeke nadelig beïnvloed soos hieronder uiteengesit.

(d) **Papierkwotas:** 'n Papierkwota soos in die Algemene Beleid bepaal, sal uitgesluit word. Groot groepe identiese of erg soortgelyke aansoeke, wat geborg is deur konsultante of kommersiële visvangmaatskappye en ander entiteite, sal uitgesluit word as fronte (papierkwotas), ongeag die meriete van die individuele aansoeke.

(e) **Nie-gebruik:** Regtehouers wat versuim het om hulle medium-termyn kommersiële oesterregte tussen 2002 en 2004 te benut sal nie weer 'n reg ontvang nie.

(f) **Persoonlike betrokkenheid:** Daat sal van aansoekers vereis word om aan te toon dat hulle persoonlik betrokke sal wees by die oes van oesters.

(g) **Multi-sektorale betrokkenheid:** Aansoekers in hierdie vissery mag nie enige ander kommersiële visvangreg in Groep A of Groep B visserye hou nie, hetsy direk of indirek as 'n aandeelhouer of direkteur van 'n maatskappy of lid van 'n beslote korporasie. Aansoekers in die vissery mag ook nie regte hou in die Groep C en D visserye nie, behalwe in tradisionele lynvis en stokvis handlyn.

8.2 Balanseringskriteria

Regtehouer aansoekers en potensiële nuwe inkomelinge, sal evalueer word ingevolge die volgende balanseringskriteria, wat gelaai sal word ten einde die sterkte van elke aansoek te bepaal:

(a) Transformasie

Die gedelegeerde owerheid sal swart aansoekers ondersteu, omdat die transformasieprofiel van hierdie sektor besonder swak is. Geslag mag as 'n valbyl-faktor gebruik word, indien nodig.

(b) Belegging in die sektor

Die gedelegeerde owerheid mag oorweging gee aan beleggings gemaak deur aansoekers in die sektor, insluitend belegging in prosessering of in bemarking, sowel plaaslik as internasionaal.

(c) Oesprestasie

Regtehouer aansoekers sal evalueer word op grond van hulle oesprestasie en rekord gedurende die medium-termyn periode .

Nuwe aansoekers sal evalueer word op grond van hul vermoë, kennis en vaardigheid om oesters te oes.

(d) Afhanklikheid van oesters

Die gedelegeerde owerheid mag voorkeur gee aan aansoekers wat afhanklik is van die oes van oesters vir 'n aansienlike gedeelte van hulle bruto jaarlikse inkomste. Daar mag

negatiewe punte toegeken word aan aansoekers wat inkomste verdien uit bronne buite die visvangindustrie. Daar sal van potensiële nuwe inkomelinge vereis word om hul historiese afhanklikheid van die oestersektor vir hulle bestaan, aan te toon.

(e) Plaaslike ekonomiese ontwikkeling

Die gedelegeerde owerheid behoort voorkeur te gee aan aansoekers wat naby die gebied woon waar die oesters ge-oes word. In hierdie verband behoort die gedelegeerde owerheid te vereis dat die aansoeker al minstens vier jaar lank in daardie gebied woon.

(f) Wetsnakoming

Negatiewe punte behoort toegeken te word aan 'n aansoeker vir nie-ernstige oortredings van die WLMH, insluitend sy regulasies.

9. Monopolieë en die Registrasie van kopers

Die Departement is van mening dat die potensiaal van hierdie sektor nog nie ten volle bereik is nie, omdat een of twee groeperings die sektor monopoliseer.

Nie alleen is die groei van hierdie sektor benadeel as gevolg van die bestaan van monopolieë nie, maar plukkers is ook uitgebuit. Die bestaan van monopolieë in hierdie sektor is onaanvaarbaar en behoort nie toegelaat word om voort te duur nie.

Daar sal van alle persone wat van plan is om oesters van regtehouers (plukkers) te koop verwag word om te registreer by die Departement. Die Departement sal nie kopers registreer wie se regte of permitte gekanselleer of ingetrek is ingevolge die WLMH, of wat skuldig bevind is aan 'n oortreding van die WLMH nie. Indien die Departement vasstel dat kopers saamsweer om pryse vir oesters vas te stel sal die Departement tussenbeide tree en as alleen-koper van die oesters van oesterplukkers optree.

10. Die oes van oesters

Regtehouers en plukkers sal toegelaat word om die volgende te gebruik om oesters te oes:

- duikpakke;
- gewigsgordels;

- duikbrille; en
- snorkels.

Regtehouers en plukkers mag nie die volgende gebruik nie:

- duikvinne;
- kunsmatige asemhalingstoestelle; en
- drywende apparaate.

11. Aansoekgelde

Die fooi betaalbaar by aansoek vir ‘n oesterreg is R100 (een honderd rand). Hierdie fooi is nie-terugbetaalbaar nie en moet ten volle betaal word.

Die jaarlikse heffings betaalbaar met ingang van 1 Januarie 2006 sal bepaal word na oorlegpleging met regtehouers. Die heffings betaalbaar sal deur die Departement gebruik word vir die mitigasie van jaarlikse kostes van bestuur, wetsnakoming en navorsing.

12. Voorlopige lyste

Voordat die gedelegeerde owerheid ‘n finale besluit neem oor die toekenning van oesterregte, mag hy/sy ‘n voorlopige lys van aansoekers uitreik vir elkeen van die gebiede vir kommentaar.

13. Permitvoorwaardes

Permitvoorwaardes vir hierdie sektor sal jaarliks uitgereik word. Die permitvoorwaardes sal vasgestel word na oorlegpleging met regtehouers in hierdie sektor en sal onderworpe wees aan hersiening soos en wanneer dit nodig mag wees.